AKADEMIE Gr R-7

4 Februarie 2021

Geagte ouer

Net ‘n paar praktiese reëlings ten opsigte van 5-12 Februarie. Covid-19 protokol sal ten alle tye streng gehandhaaf word. Wanneer u die skoolterrein betree, sal u hande gesaniteer word, u temperatuur gemeet word en reeds ingevulde Covid briefies moet saamgebring word. Briefies sal ook by die onderskeie tafels beskikbaar wees, bring dan net u eie pen vir voltooiing van die vormpie. Maskers moet te alle tye gedra word.

D6 Kommunikeerder

Daar is heelwat ouers wat nog nie vir die D6 kommunikeerder geregistreer is nie. Ons doen ‘n dringende beroep op u om so gou moontlik te registreer. Die toepassing word vir alle kommunikasie tussen die skool en ouers gebruik. Indien u nog nie geregistreer is nie en wil hê ons moet ‘n sms/epos aan u stuur met die “skakel” of u het ‘n navraag hieromtrent, stuur asb ‘n epos na admin@louisleipoldt.co.za
Volg dan asb die skakel wat u na die *Appstore* neem om die toepassing af te laai. U moet met die unieke kode (t*oken)* registreer. Moet asb nie D6 direk van die *appstore* aflaai nie. Die toepassing gaan nie werk nie. Indien u wel van die *appstore* afgelaai het, verwyder dit asb van u foon af en volg die stappe soos per sms/epos aan u gestuur.

Klaslyste

Die klaslyste vir Gr R-7 is reeds gister op D6 en die web geplaas. Daar gaan ongelukkig geen versoeke vir skuiwe na ander klasse toegestaan word nie.

5 Februarie – Inligtingsdokument op D6 en Teams

Hierdie kwartaal se inligtingsaand val weg, daarom plaas elke graad al die inligting waarvan u kennis moet dra op D6 en Teams. Gr R-4 sal ‘n aparte inligtingsdokument per graad plaas, terwyl Gr 5-7 ‘n gesamentlike dokument sal plaas. Hierdie skakel vir elke graad se inligting sal Vrydagoggend om 07:30 op D6 en Teams geplaas word. Dit is slegs die skakel, u kan enige tyd en onbeperk na hierdie sessie gaan luister.

8 Februarie - Afhaal van handboeke en basislynassessering Gr 4-7

Toegang word slegs tussen 07:30 en 09:00 vanaf die rugbyveld se hek in Parkstraat verkry. U beweeg dan direk na u kind se klas toe waar u die handboeke, asook die basislyn assesserings vir Wiskunde, Afrikaans en Engels sal ontvang. U sal by die uitreik van die handboeke daarvoor moet teken.

8 Februarie - Afhaal van vooraf oefening vir basislynassessering, Gr 1-3 en besig-bly boekies vir Gr R

Indien u handboeke vir ouer kinders kom afhaal, verkry u toegang tot die skool by die rugbyveld se hek in Parkstraat. Indien u slegs Gr R-3 werk kom afhaal, kan u slegs tussen 07:30 en 09:00 toegang tot die skool verkry deur die Gr R hekkie. U beweeg dan na die lapa by die netbalvelde waar u u pakkie sal ontvang.
Gr 1-3 se werk is vooraf oefening vir basislynassesserings sodat leerders gereed is wanneer basislynassesserings by die skool gedoen gaan word. Gr R is ‘n lekker besig-bly boekie.

U of u kind kan al bogenoemde kom afhaal. U mag ook ‘n maatjie se boeke vir hom/haar neem. Gr R-7 se werk sal op Teams geplaas word. Na 09:00 sal u die werk by die hoofingang by die wag kan kry. Al hierdie werk moet asb die 15de, wanneer die skool begin, terug wees by die skool. Onafgehaalde handboeke en rapporte sal die dag as die skool begin, uitgedeel word.

11 Februarie – Ontmoet jou juffrou Gr 2 en 3

Hier gaan u die geleentheid kry om u kind se juffrou te ontmoet. Kyk asb vooraf of u op Teams kan ingaan. Skakel asb 5 min voordat die sessie begin by u kind se klas in. ‘n Sessie gaan slegs 20 minute duur. Gr 2’s vanaf 07:40 tot 08:00 en Gr 3’s vanaf 08:10 – 08:30.

12 Februarie – Gr R en 1 kuierklas

U en u kind kan vir juffrou op die onderstaande tydgleuwe by die klas kom ontmoet, waar u ook ‘n harde kopie van die inligtingsbriewe sal ontvang. U kan enige tyd binne daardie tydgleuf kom. U moet egter asb by u tydgleuf hou. Ouers gaan nie in ander tydgleuwe by ‘n onderwyseres toegelaat word nie.

TYDGLEUWE:

Tydgleuf	Gr 1	Personeellid	Gr R	Personeellid
07:30 – 08:30	U	Yolanda Levinson	U	Belinda Lamprecht
08:30 – 09:30	V	Marelize Botha	V	Chanelle Rall
09:30 – 10:30	W	Ronell Pitout	W	Chanel van Niekerk
10:30 – 11:30	X	Rina van As	X	Pascal Pistorius
11:30 – 12:30	Y	Angelique Coetzee	Y	Moné Coetzee
12:30 – 13:30	Z	Elmarie Swanepoel	Z	Lelanie Louw

Gr R:
Toegang by Monumentlaan by die klein hekkie.

Gr 1:
Kinders kan met skoolklere kom as u graag ‘n foto saam met juffrou by u kind se tafel wil neem. Geen ander tyd kan toegestaan word vir die neem van foto’s nie.
Gr 1 kom in Langebrinkstraat by die klein hekkie in.

Ons versoek egter dat u dadelik die skoolterrein sal verlaat nadat u die boeke/werk afgehaal het, asook die 12de Februarie wanneer u kuierklas verby is. U mag ongelukkig nie van hierdie geleenthede gebruik maak om ander personeellede te besoek nie.

Wagte is gereël om na die veiligheid van u motors om te sien. Kommunikasie rondom die terugkeer van al ons leerders, die 15de sal volgende week gekommunikeer word.

Vriendelike groete

(Get) A Jordaan
Adjunkhoof

(Get) PH Ferreira
Hoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za